Ons strategie om te

Connect waar jy is

Tel: (011) 764-1699 / 082 889 9730 **Faks:** 086 552 0727 **e-pos:** info@ruimsig.com **Webruimte:** www.ruimsig.com

Elke mens lewe volgens ‘n unieke ritme en ons lewens is dikwels in boksies gedeel: my familielewe, my werkslewe, my finansies, ensovoorts. Daarom is dit ook algemeen dat ons God net deel sien van ons ‘’geestelike lewe’’, maar Jesus se boodskap van lewe in oorvloed is van toepassing in elke deel van ons lewens. Dikwels glo ek in my kop/hart sekere dinge, maar my aksies is in kontras of dui op ‘n ander realiteit. **Die Groeiritme is Ruimsig Gemeente se strategie om jou te help om God in elke deel van jou lewe raak te sien en toe te laat; om te “*connect* waar jy is"**

Elke ritme stel ‘n groepering van vrae en temas voor. Elkeen van hierdie ritmes is deel van ‘n uitnodiging wat Jesus aan ons rig om Hom te volg en dit is ‘n manier om hierdie skeidings af te breek en om God se uitnodiging na lewe, in elke aspek van my lewe te begin ervaar.

In die Evangelies is daar menigte stories en lering waar ons kan uitvind wat God se hart is vir elkeen van hierdie ritmes. Ons glo dat die Heilige Gees ‘n woning maak in ons, en reeds besig is; daarom is die ritmes ‘n manier om hierdie werking raak te sien.



Hartjie, kroon, sirkel 	God is LIEFDEVOL. Hy het gekom om Sy KONINKRYK te kom vestig. Hierdie uitnodiging is vir ALMAL in ALLE aspekte van hul lewens.
Intimiteit	Dui op ‘n intieme verhouding met God
Invloed	Dui op die invloed wat deur ‘n “close” verhouding beoefen word op die persone naaste aan ons, hetsy jou gesin, familie en of naaste vriende.
Impak	Dui op die verskil wat ons in die wêreld maak.
Plug 	*Dit is belangrik om te besef dat ons op verskillende maniere met God kan connect en ons krag by Hom kan kry.* **Uitnodiging:** God nooi my tot verhouding met Hom **Vraag:** Hoe *connect* ek met God? **Skrif:** Joh 3:16 (Mat 11:28; Titus 2:11; Open 3:20) ***Outcome:*** Intieme verhouding met God **Ander vrae:** Hoe bou ek ‘n verhouding met God? Hoe hoor ek God se stem? Waar kry ek krag? Wat inspireer my? Hoe verstaan 'n mens die Skrif? Hoe lyk my alleentyd saam met God? Wat wil God tans aan my kommunikeer? Watse dissiplines kan my help om God te leer ken? Hoe word ek deur God geken?
Skoen 	*Ons leef in ‘n diverse wêreld met verskillende kulture, tale, rasse, gelowe, tradisies, geskiedenis, lewensfases en ekonomiese welstand. Diversiteit is ‘n wonderlike geskenk, maar soos die geskiedenis al telkemale bewys het, kan dit ook ‘n bron van konflik wees. Ons almal voer ‘n stryd teen ons eie vooropgestelde idees, geskiedenis en bevooroordeeldheid. Ons word elke dag gekonfronteer deur mense wat anders as ons is, dink en doen. Ons wil baie keer nie in hierdie mense se skoene wees nie.* **Uitnodiging:** God nooi my om mense deur Sy oë te sien **Vraag:** In wie se skoene wil ek nie wees nie? **Skrif:** Kol 3:11,13 (Mat 5:43; Joh 8:3-11) ***Outcome:*** Plaas jouself in ander se omstandighede en besluit dan **Ander vrae:** Wie is in en wie is uit? Hoe kom ek oor die weg met mense wat anders is as ek, waarvan ek nie hou nie? Hoe kan ek deel hê aan God se rekonsiliasie-missie? Teen wie word daar tans gediskrimineer? Wie is jou vyande? Hoe tree ek op teenoor my vyande? Wie sien ek as minderwaardig? Wie laat jou minderwaardig voel? Hoe kan ek 'n vredemaker wees? Vir wie kan ek 'n stem wees? Watse gebrokenheid is in my gemeenskap? Is ek 'n goeie buurman? Bid ek vir my leiers?

Horlosie 	*Ons werk beïnvloed ons lewens in 'n drastiese manier: of ons oorwerk of werkloos is. Aangesien ons 'n groot deel van ons tyd aan werk spandeer, het ons nodig om te dink hoe ons God kan verheerlik deur my tyd en werk.* **Uitnodiging:** God nooi my om Hom te dien deur my werk **Vraag:** Hoe verheerlik ek God deur my tyd en werk? **Skrif:** Rom 12:1,2 (Kol 3:17, Kol 3:23) **Outcome:** Connect waar jy is met wat jy ook al doen **Ander vrae:** Hoe kan God Sy koninkryk laat kom deur my werk en tyd? Vir wie werk ek? Hoe kan ek 'n lig wees by die werk? Wat is gesonde tydritmes? Hoe bring ek balans in my lewe?
Eetgerei 	*Ons het 'n invloed op mekaar en ons word deurentyd gevorm deur ander mense; veral die mense wat om ons tafel sit: naby vriende, mentors, familie. Die welstand van hierdie verhoudings is baie keer afhanklik van die tyd wat ons saam spandeer, ons vermoë om konflik te hanteer, te kommunikeer en liefde te wys.* **Uitnodiging:** God nooi my om my naaste lief te hê **Vraag:** Wie sit om my tafel? **Skrif:** Mat 22:37 (Mat 22:29-37; Luk 10:29-37) ***Outcome*:** Naaste liefde d.m.v. Invloed **Ander vrae:** Wie deel my lewenswandel met my? Wie is in my binnekring? Wie kan ek vertrou? Wie bou my op en spoor my aan? Hoe gaan dit met my gesins- en liefdesverhoudings? Wie ken ek en deur wie word ek geken? Met wie deel ek gemeenskap van gelowiges? Hoe word God verheerlik in my vriendskappe en verhoudings?
Noodhulptas 	*Dit is maklik om te sien dat ons in 'n gebroke wêreld leef en om die gebrokenheid in ander se lewens uit te wys. Wat partykeer moeiliker is, is om eerlik na ons eie lewens te kyk en ons eie gebrokenheid te erken. Deur doelbewus te kyk na waar ons heelheid nodig het, is ons besig om geleentheid vir herstel te skep wat weer ons kapasiteit om lief te hê, verhoog.* **Uitnodiging:** God nooi my in my gebrokenheid tot heelheid **Vraag:** Waar het ek heelheid nodig? **Skrif:** Joh 10:10 (Jes 53:5; Jak 5:13-16; Ps 147:3) ***Outcome*:** Gesondheid na liggaam siel en gees **Ander vrae:** Hoe gaan dit met my gebrokenheid? Waar het ek God se heling nodig? Watter emosies spreek tans die hardste? Hoe gaan dit met my lyf en fisiese gesondheid? Is daar verslawing wat my terughou? Is daar iemand wat ek moet vergewe? Het jy vergifnis nodig? Hoeveel beïnvloed seer uit jou verlede jou nog? Hoe hanteer ek my hartseer, kwaad of rou-proses? Hoeveel bekommernis heers in my lewe?

Trappe 	*Hoe en waarop ons ons geld spandeer is 'n "give away" van wie ons dien en waarvoor ons leef. Die wêreld kommunikeer die heeltyd dat sukses en rykdom die sleutel tot geluk is, maar in God se Koninkryk-ekonomie is alles omgekeer en word bevryding en geluk gevind deur anders in die wêreld te leef met my besittings en sukses.* **Uitnodiging:** God nooi my om andersom te leef **Vraag:** Hoe leef ek anders in die wêreld met my besittings en sukses? **Skrif:** Joh 3:30 (Mat 5:38-45; Fil 2:6-11) ***Outcome*:** Leef "stroomop" in jou besluite in die oë van ongelowiges **Ander vrae:** Hoeveel kla ek? Watter hulpbronne is aan my toevertrou? Besit my goed my? Hoe kan ek deel wat ek het? Hoe kan ek God eer met my besittings? Glo ek dat alles wat ek het aan God behoort? Wat het ewigheidswaarde? Hoe kan ek die aarde oppas? Wat beteken dit om Jesus as 'n Suid-Afrikaner te volg? Hoe kan ek bydra tot positiewe verandering in my gemeenskap? Hoe kan ek deel wees van my gemeenskap se transformasie?
Puzzle 	*Ons almal het die behoefte om iewers in te pas. Almal is met wonderlike potensiaal geskape en ons almal het die vermoë om 'n unieke verskil te maak.* **Uitnodiging:** God nooi my om my uniekheid te celebrate **Vraag:** Waar pas ek in? **Skrif:** 1 Kor 12&13 (Ps 139:15,16; Gal 6:2 MSG) **Outcome:** Ontdek jou unieke doel in God se Koninkryk **Ander vrae:** Hoe is ek 'n unieke geskenk vir ander? Wat is jou prentjie van jouself? Wat doen ek hier? Wat gee vir my purpose? Wat is my gawes, passies en talente? Hoe kan ek ander dien met my gawes? Wat laat my lewendig voel? Hoe groei ek my gawes en ook die gawes van ander? Hoe kan my diepste vreugde die wêreld se nood aanspreek?